# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (07/10)

*Justin Chadwick (19 Februarie 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK: *"Being ill is one of the greatest pleasures of life, provided one is not too ill and is not obliged to work until one is better." Samuel Butler*

## MARKTE

Laas week het ek oor die Noordelike Halfrond se seisoen verslag gedoen – hierdie week sal ek enkele van die markte se inligting aanroer. Inligting kom vanaf verskeie vergaderings wat in Berlyn gehou is, asook van publikasies soos Fruitrop en inligting van Sirkel Sourcing (dankie aan Paul van der Hoorn) en ander. Neem asseblief kennis dat markte onbestendig is en toestande vinnig kan verander.

Vir **LEMOENE** het die Noordelike Halfrond 'n seisoen gehad wat as "baie bevredigend" beskryf is. Matige voorsiening het billike pryse beteken. Meer onlangs het die markte bietjie spoed begin verloor – alhoewel die supermarkte se verdienstes nog steeds billik is, het die markte met vaste pryse bewys om teleurstellend te wees. Die nuutste pryse van omtrent byna alle bronne is 8 – 9 Euro per 15 Kg karton. Die Europese weer het 'n invloed op die verkope van alle sitrus teen die tweede helfte van hul winter gehad – alhoewel kouer weer tog verkope stimuleer (die "griep" effek) keer hewige sneeu inkopies. Bydraend beteken hoë pryse vir groente dat daar minder besteebare inkomste vir vrugte is.

Vir **SAGTE SITRUS** was 2009 volgens die Mediterreense produsente 'n goeie jaar en daar was aanvraag tot in 2010 wat, tesame met matige voorsiening, voortdurend goeie pryse beteken het. Dit is waarskynlik dat Spanje vroeg sal klaar maak, wat die latere Noordelike Halfrond verskaffers 'n hupstoot sal gee en hopelik 'n goeie begin vir die Suidelike Halfrond se veldtog sal beteken. Die bron en die verskeidenheid wat aangebied word het 'n groot invloed op die prys – nuutste pryse wat aangeteken is dui daarop dat Afourer vanaf Marokko teen 13 tot 14 Euro verkoop; terwyl Or vanaf Israel vir sekere tye 22 Euro (per 15 Kg) behaal. Vergelyk dit met die Marokkaanse Nour teen 8 tot 9.50 Euro of Spaanse Fortuna teen 7.50 tot 9 Euro. Russiese verslae vertel van vragte goedkoper Pakistaniese mandaryne. VK rapporteer sterk aanvraag vir sagte sitrus en goeie pryse.

Vir **POMELOS** het die trae Suidelike Halfrond mark voortgeduur tot in die Noordelike Halfrond se mark – ten spyte van minder voorsiening aan die mark. "Resessie ekonomie" met die laer voorsiening, laer aanvraag en laer pryse. Pryse vanaf alle bronne was laer. Pryse vir 17Kg kartonne Star Ruby vanaf Florida was 14 tot 16.5 Euro, terwyl 14 Kg kartonne vanaf Turkye 7- 8 Euro was; vanaf Israel (Sunrise) was dit 8-9.50 Euro. Wit pomelos was in die reeks van 7.5 tot 8.5 Euro.

Vir **SUURLEMOENE** is die nuutste marktoestande gerapporteer as "vreemd". Ten spyte van laer Spaanse volumes het pryse nie verstewig nie. Kan dit as gevolg van die toename in Turkse volumes wees? Spaanse pryse is tussen 9-11 Euro, terwyl Turkse pryse tussen 7 en 8.50 Euro is. Bemarkers het my verseker dat kopers van Turkse na Suid-Afrikaanse suurlemoene sal oorgaan wanneer ons produk op die mark verskyn – en dat die Turkse oes wat voorspel is om tot in Junie te duur beperkte invloed sal hê.

**RUSLAND** het oor die algemeen 'n baie stadige mark vir sitrus gerapporteer. Invoerders het die koopkrag van die Russiese mark oorskat wat daartoe gelei het dat te veel volume na daardie mark verskeep is. Die winter was buitengewoon koud.

In die **VK** het die marktoesande oor die algemeen verbeter – behalwe vir pomelos wat stadig en swak was.

In **DUITSLAND** was daar 'n goeie aanvraag na suurlemoene, lemoene en sagte sitrus as gevolg van die koue weer – met goeie pryse. Laer volumes van Spanje het tot diversifikasie in oorsprong (Turkye, Griekeland en Italië) na Duitsland gelei.

## PAKHUISWERKSWINKELS

Ek het die geluk gehad om die pakhuiswerkswinkel in Durban by te woon – en wat 'n voorreg was dit!!! Geluk aan Hannes Bester, Hennie le Roux en al die sprekers wat 'n fantastiese program saamgestel het. Ek verstaan dat die Limpopo, Mpumalanga en Oos-Kaap werkswinkels goed by gewoon is – wat het in Durban gebeur?? Die bywoning was swak – en dit is hier waar die "vrugte die water tref". Waar was al die mense wat ons vrugte in die hawe hanteer?? Gee hul nie om wat gebeur voordat die vrugte hul verantwoordelikheid word nie?? Geluk aan Swaziland wat so 'n groot span gestuur het.

## DATUMS VIR 2010

Nog net die **Wes-Kaap pakhuiswerkswinkel** wat moet plaasvind – geskeduleer vir 23/24 Februarie. As dit nie reeds in jou dagboek aangeteken is nie, DOEN DIT NOU- jy sal nie teleurgesteld wees nie. [Info oor plek, tyd en agenda op www.cga.co.za].

**CGA Road shows** – Paul se groep; **2 Maart** Patensie 09:00 [Patensie Sitrus Raadsaal] en Sondagsrivier 15:00 [Addo Polo Klub]; **3 Maart** O Kaap Midlande 10:00 [Katco]; **9 Maart** KZN Midlande 14:00 [Victoria Country Club]; **16 Maart** Nelspruit 14:00 [CRI Raadsaal]; **17 Maart** Onderberg 09:00 [Golden Frontiers], Swaziland 14:00 [Tambuti].

Justin se groep **2 Maart** Wes-Kaap 09:00 [Goedehoop Raadsaal]; **3 Maart** Oranjerivier 10:00 [Lake Grappe]; **4 Maart** Hartswater 10:00 [Pokwane Pakhuis]; **9 Maart** Senwes 15:00 [Groblersdal Golfklub]; **10 Maart** Limpoporivier 15:00 [Noordgrens Lapa]; **11 Maart** Letsitele 15:00 [The Junction]; **12 Maart** Hoedspruit 08:00 [FRCitrus].

**"Global Citrus Conference" in Kaapstad** – 8/9 Julie 2010 – besonderhede op www.gcc2010.co.za

**Citrus Research International Simposium** – 15-18 Augustus 2010 – Champagne Sports Resort, Drakensberg – besonderhede op www.citrusresearchsymposium.co.za

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE SITRUS PRODUSENTEVERENINGING, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**